Rapport, 5 Augustus 1984

Twee strome in NG Kerk oor Ontugwet

Deur ANNE-MARIE MISCHKE: Johannesburg

DIE kollig val weer skerp op die twee uiteenlopende strominge in die NG Kerk oor art. 16 van die Ontugwet en die Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike.

Dit sal nog meer die geval wees wanneer die getuienis wat tot dusver voor die gekose komitee van die Parlement oor dié twee wette gelewer is, eersdaags gepubliseer word.

Een van die belangrike getuies voor die komitee, prof. Willie Jonker van die Kweekskool op Stellenbosch, het sy standpunt téén die twee wette die week in die TV-program Om die Waarheid te Sê gestel. Dit stem ooreen met sy getuienis voor die komitee en met die besluit van die Wes-Kaaplandse Sinode van die NG Kerk, wat die twee wette as strydig met die Bybel verwerp het.

Dis egter in stryd met die geldende besluit van die Algemene Sinode van die NG Kerk.

Dit lui dat die Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike in die lig van die gekompliseerde Suid-Afrikaanse samelewing steeds geregverdig kan word, en solank dié wet staan, behoort artikel 16 van die Ontugwet nie herroep te word nie.

Dagbestuur

Daar kan aanvaar word dat die dagbestuur van die Moderatuur van die NG Kerk, wat namens die kerk voor die gekose komitee getuig het, laasgenoemde standpunt ingeneem het. Na verneem word, het die afvaardiging bestaan uit die Moderator, ds. Kobus Potgieter; die aktuarius, dr. Dirk Fourie; die skriba, ds. Dirk Viljoen en die direkteur, Ekumeniese sake, dr. Pierre Rossouw.

Behalwe die Algemene Sinodebesluit sou hulle hul ook kon beroep op die NG Kerk se amptelike stuk oor rasseverhoudinge. Ras, Volk en Nasie.

Maar daar is indertyd 'n sterk minderheidsverslag teen dié twee wette by die Sinode ingedien. Ras, Volk en Nasie word nou ingrypend in die lig van die Skrif hersien. En daar is die opsienbarende besluit van die Wes-Kaaplandse Sinode.

Groot waarde

Om dié rede moet ook groot waarde geheg word aan die getuienis van prof. Jonker en nóg drie van sy kollegas op Stellenbosch, proff. D.A. du Toit, H.W. Rossouw en B.C. Lategan. Hulle het as kundiges getuig wie se menings en kennis gewig dra. Daar kan gesê word dat hulle die ander stroom in die NG Kerk verteenwoordig het.

Prof. Jonker het 'n afskrif van sy getuienis voor die gekose komitee aan RAPPORT beskikbaar gestel en daarin sê hy:

● Die NG Kerk het eers Skrifgronde probeer gee vir sy standpunt, maar dit later laat vaar. Hy redeneer dus op die oomblik bloot prakties, met die oog op sekere omstandighede en sê dat as die omstandighede verander, kan die wet ook heroorweeg word.

● Nou lyk dit asof ons moet sê dat ons wel Skrifgrond het om te sê dat daar nie so 'n wet behoort te wees nie. Dit is die ontwikkeling wat ons deurgemaak het, sê hy.

● Dit kan ook nie met 'n direkte teks beredeneer word waarom die Skrif ons nie toelaat om sulke wette te maak nie.

● Die Skrifuitleg oor die saak het verander vanweë groter objektiwiteit, ook teenoor ou standpunte.

PROF. WILLIE JONKER . . . standpunt teen die twee wette gestel.